**Maandag 20 Augustus**

| Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:8-14 | Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:8, 9 |
|---|---|

# Moet jou nie skaam vir wie jy is en waartoe jy geroep is nie

Ons het gister gehoor dat ons deel van ’n geestelike huisgesin is. Hierdie huisgesin het mekaar lief en daarom dra hulle mekaar ook op in hulle gebede. Vandag hoor ons dat ons nie hoef skaam te wees dat ons aan hierdie geestelike huisgesin behoort nie.

Soms kry ek so skaam wanneer Pa/Ma my by die skool aflaai. Ek kry skaam vir my ouers se opmerkings wanneer ek my meisie/ou vir die eerste keer na ons huis toe nooi. Soms skaam ek my vir my kinders se gedrag in die openbaar. Ons hoef egter nie skaam te kry vir ons gesin nie, want hulle het ons lief en wil net die beste vir ons hê.

God wil soveel te meer die beste vir sy kinders hê. God gee vir ons wat in Christus is, die genade van verlossing (2 Tim. 1:9, 10). As ons besef hoe groot en kosbaar hierdie geskenk van God is, dan skaam ons ons nie meer vir Hom nie. Ons sal dan erken dat Hy ons Vader is en dat ons elkeen geroep is om hom te dien. Dan wil ons teenoor alle mense getuig wie God is en wat Hy vir ons beteken. Selfs al word ons gespot of vervolg vir ons geloof, hoef dit ons nie skaam te maak nie (:8, 12).

Ek skaam my nie oor my Vader nie, want ek is veilig by Hom. Ek weet Hy het my geroep om sy Naam groot te maak.

*Sing: Skrifberyming 14-1:2*

*Teologiese Student LD (Daniël) Myburgh*